

Liturg: Ds Johan Willemse

Teks:

Esegiël 34:1-31 en Johannes 10:11-18

Heidelbergse Kategismus:

Sondag 21, Vraag en Antwoord 54

Tema:

Die goeie Herder vergader, beskerm en onderhou sy
kudde.

Datum:

27 September 2026

1. Inleiding

Geliefdes in ons Here Jesus,

Van al die gedeeltes in die Bybel is daar min so bekend soos Psalm 23:1: *“Die Here is my herder...”* Dit is een van die wonderlikste beelde wat waarskynlik ’n klomp emosies by ons laat opkom. Boonop, is dit een van die beelde wat ons keer op keer in die Bybel vind. Die beeld van ’n herder en sy kudde.

Aan die begin van die ereidiens het ons daarvan gesing (Psalm 95-1:4): *“Hy’s onse God en Herder, Hy, en ons die skape in die wei wat uittrek onder sy beskerming.”* Direk daarna met ons loflied het ons weer gesing (Psalm 100-1:2): *“Die Heer is God, erken dat Hy ’n eie volk vir Hom berei, ’n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees.”*

Hierdie beeldspraak is so bekend en oorheersend dat ons dit selfs in ons kerklike spreektaal gebruik. Jesus is die Opperherder (1 Pet. 5:4) en onder sy leiding en opdrag moet ouderlinge as *herders toesig hou oor die kudde van God* (1 Pet. 5:2-3). Sommige kerke praat van hulle leraar as ’n pastoor, met ander woorde ’n *herder*. Die huis van die herder en leraar is die *pastorie*.

Die Here is ons herder en ons is sy kudde, sy skape. Hierdie is dan ook ’n baie gepaste beeld om ons *belydenis oor die kerk* in vraag en antwoord 54 te verduidelik.

2. Liggaam

2.1. Sondag 21, Vraag en Antwoord 54:

Soos ons laas week gehoor het, is die Kategismus nie tevrede dat ons net die woorde van die belydenis nasê nie. Dit is ook belangrik dat ons ook die inhoud van ons belydenis **verstaan** en weet wat daarmee **bedoel** word. Daarom is die vraag: *“Wat glo jy van die: ‘heilige, algemene en Christelike kerk.’”*

En alhoewel dit ’n eenvoudige vraag is, kom ’n mens gou agter dat die antwoord baie ingewikkeld is. Dit gaan immers oor ekklesiologie, wat beteken die leer en begrip van die kerk.

Daarom is die antwoord een lang sin, met baie kommas en toeligting wat diepgaande gedagtes bevat. En alhoewel elke deel daarvan belangrik is, kyk ons vandag net na een hoofgedagte.

Die hoofsaak van ons belydenis oor die kerk is: *Dat die Seun van God vir Hom 'n gemeente vergader, beskerm en onderhou.* En dit is hier waar Esegïel 34 en die beeldspraak van 'n herder met sy kudde so gepas is.

2.2. Die swaarkry van die kudde:

Esegïel lewer sy profetiese uitspraak in die tyd van die Babiloniese ballingskap. Hierdie was vir God se kudde 'n tyd van erge **swaarkry** waar hulle baie **ellende** beleef het:

- Die grootste deel van die kudde is weggevoer na Babel as oorlogsgevangenes (2 Kon. 25:11; 2 Kron. 36:20; Jer. 52:15). Die volk was heeltemal verslaan en moedeloos. Dink byvoorbeeld aan Psalm 137 wat geskryf is in hierdie tyd. Hulle het hulle siters in die wilgerbome opgehang, want hulle was verdrukke gevangenes. Mistroostig sê hulle (137:4):
“Hoe sou ons die lied van die Here kan sing in 'n vreemde land?”
- Die skape wat nie in Babel beland het nie, het gevlug na Egipte (Jer. 44:1) Daar was hulle as ongewenste vlugteling hanteer (Jer. 44:12), baie is doodgemaak en het armoede en hongersnood beleef (Jer. 44:18, 27).
- Die laaste paar skape het agtergebly in Juda. Dit was die armste burgers wat die landerye en wingerde moes versorg. (Jer. 52:15-16). Ook hulle het erge swaarkry beleef.

Die volk se omstandighede word dan vir ons op 'n digterlike manier in vers 5 en 6 beskryf (34:5-6):

“So het die kudde dan verstrooid geraak... hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld. My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.”

Maar nou is dit ook belangrik om te verstaan **hoe** die Here se kudde in hierdie omstandighede beland het:

Israel was nie terloopse slagoffers van groot wêreldmoondhede nie. Hulle het in ballingskap beland weens hulle eie sonde. Van die begin af het die Here hulle beveel om sy wet te hou en Hom alleen te dien. Terselfdertyd het Hy ook van die begin af gewaarsku dat Hy ander volke sal toelaat om hulle te verstrooi as hulle ongehoorsaam was (Deut. 28:58 en 64). Maar ten spyte van die Here se waarskuwings, het die volk sy verbond gebreek.

Die kudde het afgedwaal van die Goeie Herder (Ps. 78:56-58) en vir hulle **slegte herders** aangestel om hulle te lei:

- Hierdie **slegte herders van Israel** het vir hulself weiding verskaf, maar vir die kudde niks oorgelos nie. Hulle het nie die swakkes gehelp, of die siekes gedokter nie. Hulle het dié wat weggedwaal het, nie teruggebring nie en die weggeraak het nooit gaan soek nie (34:2-10).

Maar dit was nie net Israel se konings wat die Here se kudde verwaarloos het nie. Die konings van Babilonië het hulself ook gesien as herders wat al die verlore skape bymekaarmaak. Hulle het ook die Here se volk verniel en (34:4b): *“met strengheid en met hardheid geheers.”*

[Oordeel] Nou kom God om te oordeel. Die herders kan nie maar net doen wat hulle wil met hierdie skape nie. Dit is die Here se kudde! Daarom lees ons in vers 10: *“So sê die Here my God: “Ek gaan optree teen die herders.””*

Maar die Here tree nie net teen die *herders* op nie. In vers 17 wend Hy Hom tot sy eie kudde en sê: *“Wat julle aangaan, my skape, so sê die Here Here, kyk, Ek sal oordeel tussen skape en skape, die ramme en die bokramme.”* Die Here ken sy kudde baie goed. En Esegïël beskryf die moeilikheidmakers baie duidelik:

- Daar is party onder die kleinvee wat die beste gras afgewei en die res van die groenigheid met hulle voete vertrap. Hulle drink al die skoon en helder water, en die paar slukkies wat oorbly trap hulle vuil en troebel. Met hulle groot lywe en horings stoot hulle die swakkes eenkant toe en uiteindelik dryf hulle hulle heeltemal weg.

Die digterlike styl waarmee dit beskryf word, laat 'n mens voel asof die herder self die gebeure oorvertel. Dit is duidelik dat die Here alles wat met sy skape gebeur, sien en waarneem. Hy sien hoe sy eie volk se mense hulle magsposisie misbruik. Hy is bewus van diegene wat hulself bevoordeel en trap op die wat nood het. Hy ken die swaarkry van die swakkes, armes, wees en weduwees. En as die volk se Herder gryp die Here dan ook in.

[Oordeel] Netsoos Hy opgetree het teen die slegte herders wat die kudde verwaarloos het, so tree Hy ook as regter op. Ons lees drie keer (vers 17, 20 en 22): “so sê die Here Here vir hulle: Kyk, hier is Ek, en Ek sal oordeel tussen skape en skape.”

En dit bring ons by die volgende gedagte van Esegïel 34.

2.3. Die goeie Herder se werk:

Aan die een kant spreek die Here oordeel uit. Hy tree op teen die slegte herders, maar Hy oordeel ook tussen skape en skape. Maar aan die ander kant verkondig die Here ook 'n boodskap van verlossing, hoop en troos. En terwyl daar twee keer oordeel aangekondig word, is daar drie boodskappe van verlossing waaraan die kudde kan vashou.

(1) Die **eerste boodskap** is dat die Here die volk uit ballingskap gaan red. In vers 11 sê die Here: *“Kyk, hier is Ek, en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg.”*

- Die Here sal sy kudde verlos en vergader. Hy belowe dat Hy hulle sal **red** uit die ellende. Hy sal hulle **versamel** uit die lande en hulle terugbring. Die Here sal die wat verlore is **soek**, die wat weggedryf is, **terugbring**, en Hy sal sy skape **oppas**.
- Maar meer as dit, nadat Hy hulle vergader het en terugbring na die land, sal Hy hulle ook beskerm en onderhou. Die Here belowe goeie weivelde. Hy sê: *“Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus.”* Hy sal hulle wonde verbind en die siekes versterk (34:11-16).

(2) Maar daar is ook 'n **tweede boodskap** van verlossing. Die Here sê in vers 25: *“Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit.”*

As hulle Herder, maar ook as hulle Here en God maak die Here heerlike beloftes van **beskerming** en **bewaring**. As die kudde se Herder sal hy die wilde diere weghou. Hy sal die kudde veilig laat wei en slaap.

Die Here gee egter ook wonderlike beloftes van **mildelike versorging**. Hy belowe seën en stortreën op die regte tyd. Bome vol vrugte, plante in oorvloed. Daar sal geen sprake van hongersnood en smaad ooit weer wees nie.

En dan kom die hoogtepunt van die verbondsbelofte. Die Here sê dat die volk sal weet dat Hy **hulle God is** en dat Hy **met hulle is** (34:30). Hulle sal weet dat hulle sy volk, en die skape van sy weide is (34:31). Dít is uiteindelik die grootste troos vir die kudde: Nie dat hulle sal

terugkeer na Israel nie. Nie dat hulle veilig sal woon en oorvloed sal ontvang nie, maar dat die Here hulle Herder en God is en dat hulle sy kudde is en aan Hom behoort.

2.4. Die Herder van die kerk:

Maar geliefdes, dan is daar nog een laaste belofte in Esegïel 34. En hierdie belofte veroorsaak ernstige spanning in die teks, want dit lyk amper soos 'n weerspreking.

In vers 23-24 sê die Here: *“Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle oppas, naamlik my kneg Dawid...”*

Maar is die Here dan nie self die volk se Herder nie? Dit is immers sy kudde. Hy het hulle uit die ander herders se hande geëis en na hulle gevra (34:11). Hulle behoort aan Hom en Hom alleen. Hy sê: *“Julle is my kudde, julle is die volk vir wie Ek sorg, en Ek is julle God.”* Nog heeldyd hoor ons dit is die Here self wat hulle red, lei, laat wei, opsoek, oppas en versorg (34:11-16).

Die spanning is dus dat die Here self, en Hy alleen, die volk se herder is. Tog sal Hy ook 'n herder aanstel. Nie soos die slegte herders van die verlede nie, maar 'n goeie herder, 'n dienaar om oor die volk te regeer. Hoe kan die Here self die herder van sy volk bly, maar hy stel ook 'n Herder oor hulle aan?

Die oplossing van hierdie spanning en vervulling van hierdie belofte, vind ons uiteindelik in ons Here Jesus Christus. Hy sê: *“Ek is die goeie herder”* (Joh. 10:11). Maar ons moet ook verder lees. In vers 16 sê Hy: *“Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.”* En dan weer in vers 30 sê Hy: *“Ek en die Vader is een.”*

En indien u wonder wat die Here Jesus hiermee bedoel, behoort die reaksie van die skare die probleem op te los. Toe hulle hoor wat Christus sê, het hulle klippe opgetel om Hom te stenig.

En toe Jesus vir hulle vra hoekom hulle Hom wil stenig, toe antwoord hulle: “*oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak.*”

Geliefdes, die Here Jesus is die Herder van die kudde, naamlik sy kerk. Hy is die Een wat deur God gestuur is, *Dawid sy kneg*, en tog self ewig God.

Hy het sy skape verlos en vergader. Hy is die *goeie Herder* wat **sy lewe** vir die skape **aflê**. Hy ken hulle by die naam. Hy soek die verlore skape op en bring hulle met vreugde terug (Luk. 15:4-6). Die Seun van God het vir Hom 'n gemeente vergader, beskerm en onderhou.

Hy vergader ons deur sy Woord deur ons uit die duisternis na sy wonderbare lig te roep. Deur sy Gees soek Hy ons op en bring ons na Hom. Uit genade skenk Hy aan ons 'n ware geloof en maak ons só deel van sy kudde.

Selfs die Engelse woord vir gemeente “*congregation*” bevat hierdie belydenis. Dit kom immers van twee Latynse woorde wat beteken om 'n *kudde bymekaar te bring* (*com* – saam, *grex* – in 'n kudde in te bring). Dit is presies wat Christus met sy kerk doen.

En wat verstommend is, is dat Christus se werk nooit ophou nie. Die Goeie Herder vergader reeds van die begin van die wêreld af sy kudde, en hy hou aan deur al die geslagte heen. Daar is niemand wat vir Hom te ver is nie, niemand wat buite die bereik van sy genade is nie.

Maar dan kry ons ook 'n reusetroos uit die belydenis. Die kudde behoort aan die Herder. Hy is verantwoordelik vir die skape se veiligheid. Die kudde hoef dus nie staat te maak op hulself nie, maar Jesus sê in Johannes 10:28-29: “*Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.*”

3. Slot

Ek sluit af.

Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? Ek glo dat die Seun van God vir Hom 'n kudde vergader het, dat Hy vir hulle die ewige lewe gee, en dat Hy hulle tot die einde toe beskerm en onderhou. Maar dan bely ons ook so besonders: “*van hierdie kerk is ek 'n lewende lid en sal ek ewig een bly.*”

Geliefde broers en susters. Met 'n belydenis so kosbaar en mooi wil ek u met twee gedagtes laat.

Eerstens dring dit ons tot oorvloedige aanbidding. Al wat ons kan doen, is om in verwondering te staan, aan Jesus eerbied en aanbidding te bring en met blydschap en dankbaarheid oorweldig te word. Ons kan ook nie anders as om met troos en hoop weg te gaan nie. Die Here is ons God, Hy is met ons, ons is sy volk, die skape van sy wei, en dít sal ons vir ewig bly!

Tweedens bly daar dan net een gepaste reaksie oor. Ons moet onself aan die Goeie Herder sorg en leiding toevertrou. Laat ons Hom liefhê. Laat ons na sy stem luister. Laat ons Hom volg.

Amen